



# Atletiekwêreld se oë weer op Luvo in verspringput

## Wim Pretorius

Suid-Afrika se 400 m-hekkiesblits, Wenda Nel, het Donderdagaand haar beste tyd van die seisoen gehardloop op pad na 'n derde plek by die Diamantliga-byeenkoms wat in Rome gehou is.

Nel het in 54.58 sekondes geëindig terwyl die Olimpiese silwermedaljewenner, Sara Petersen van Denemarke, tweede was in 54.35. Jamaika se Janieve Russell (54.14) was eerste. Haar tyd was die vyfde vinnigste ter wêreld vanjaar.

Nog 'n Suid-Afrikaner, Dominique Scott-Efurd, het 'n persoonlike beste tyd in die 5 000 vir vroue gehardloop. Haar 15:20.10 was egter net goed genoeg vir 'n 13de plek.

Soos verwag is, het Hellen Obiri van Kenia gewys dat sy 'n kerf bo die res is en in 'n nasionale rekordtyd van 14:18.37

gewen. Dit is ook die voorste tyd ter wêreld vanjaar.

■ Luvo Manyonga sal môre deelneem aan die Fanny Blankers-Koen Spele wat in Hengelo, Nederland, plaasvind.

Manyonga is tot dusver vanjaar loshande die voorste verspringer en spog tans met die wêreld se drie beste spronge in 2017.

Hy het vanjaar reeds drie keer die 8.60 m-kerf verbygesteek met pogings van 8.65, 8.62 en 8.61.

Voor Manyonga het Dwight Phillips en Irving Saladino laas in 2009 die maatband só ver in die verspringput laat rek. Phillips het daardie jaar met 'n 8.74 gespog, terwyl Saladino se beste poging 'n 8.63 was.

Volgens Neil Cornelius, Manyonga se afrigter, wil hy geen voorspellings waag oor wat ondersteuners die naweek kan verwag nie, maar wel dat hy



Wenda Nel Foto: GETTY IMAGES

hulle sal aanraai om die Suid-Afrikaner dop te hou.

En dis nie net in verspring wat dié 26-jarige atleet die koppe laat draai nie. Hy het die afgelope naweek by Tuks sy lyf naelloper gehou tydens 'n liga-byeenkoms en 'n haastige tyd van 10.39 in die 100 m gehardloop – in sy verspringspyker-

skoene.

Rushwal Samaai is nog 'n Suid-Afrikaner wat ook môre vir 'n verrassing kan sorg. Hy is tans tweede op die 2017-wêreldranglys in die verspring. Hy het 'n puik afstand van 8.49 op die nasionale byeenkoms in Potchefstroom behaal. 'n Derde SA verspringer, Zarck Visser, sal ook sy slag in Hengelo wys.

Voorts sal Antonio Alkana, wat Maandagaand in Praag 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord in die 110-hekkies opgestel het, sowel as Carina Horn (100) in Nederland in aksie wees.

Horn het op die nasionale byeenkoms die vinnigste tyd in die halfeindronde van die 100 gehardloop, maar moes haar voor die eindronde weens 'n besering onttrek.

Die spiesgooiers Sunette Viljoen en Jo-Ané van Dyk sal na verwagting ook deelneem.